



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

WETENSKAPLIKE BYDRAES
Reeks H : Inougurele Rede Nr. 141

DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Prof. W.A.M. Carstens

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
2520

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika

© 1995

ISBN 1-86822-225-X

DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

1. OPENING

Meneer die Rektor, prof. CJ Reinecke en mev. Reinecke

Meneer die Viserektor, prof. AJ Viljoen en mev. Viljoen

Meneer die Viserektor, prof. SF Coetzee

Meneer die Adjunkregistrator Akademies, mnr. JM Verhoef

Meneer die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. Jacques van der Elst en mev. Van der Elst

Mevrou die Adjunkdekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. AL Combrink

Die Dekane van ander Fakulteite

Kollegas in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Kollegas in die Dept. Afrikaans en Nederlands van die PU vir CHO (van sowel die Potchefstroom- as Vaaldriehoekskampus)

Kollegas in ander Fakulteite

Studente wat in die Dept. Afrikaans en Nederlands studeer

Vriende

Familie.

Ek verwelkom u almal graag van harte by hierdie geleentheid en vertrou dat dit wat ek te sê sal hê, vir u almal tot verryking sal wees.

Ek besef dat ek as nuwe hoogleraar in die Departement in 'n ou tradisie inkom - 'n tradisie wat gebaseer is op kwaliteit navorsing en onderrig. Gewaardeerde voorgangers was proff. SPE Boshoff, Hertzog Venter, FJ Labuschagne en Hans du Plessis (wat my onmiddellike voorganger as professor in Afrikaanse taalkunde was en in Mei 1981 sy intreerede gelewer het) - hulle het 'n standaard daargestel wat baie moeilik sal wees om te ewenaar.

2. INLEIDING

Die lewer van 'n intreerede is een van die grootste geleenthede in 'n akademikus se lewe, veral omdat dit dié besondere geleentheid is waar jy jou kundigheid kan uitstal en daarmee jou "beleidsverklaring" kan maak oor hoe jy jou vakgebied sien. Daarom is ook die intreerede wat ek vanaand gaan

lewer, 'n besondere hoogtepunt in my akademiese loopbaan en ek hoop om dit ten volle te benut om aan u as gehoor duidelik te maak waarmee ek my daaglik besig hou.

So dikwels word daar vrae gestel oor wat akademiëci nou werklik doen om hulle dag om te kry: sit en lees hulle die heelyd moeilik geskrewe artikels of neem hulle self deel aan die proses om hierdie moeilik verstaanbare - dikwels selfs onverstaanbare - artikels en boeke tot stand te bring? Wat beteken dit as 'n akademiëci "navorsing doen", het ek al by geleentheid gehoor. Hoe baat die gemeenskap wat deur besondere universiteite gedien word deur die kennis wat akademiëci so moeisam verwerf - deur al die jare van studie, die gereelde bywoon van (nasionale en internasionale) vakkongresse, die lang nagtelike ure in 'n laboratorium of in 'n studeerkamer, die vakansies wat hulle gesinne moet ontbeër? Hierdie vraag kan selfs verder gevoer word: in watter mate trek studente voordeel uit die kennis wat hulle dosente verwerf het? Is die dosent in staat om in sy studente 'n vuur aan die brand te steek wat hulle kan motiveer om self ondersoekers te word en nie net robotte nie wat meganiese kennis produseer wanneer die regte knoppies (veral romdom eksamens!) gedruk word?

Dit is die soort vrae wat my opnuut laat besin het oor my werk as akademiëci toe ek begin het met die voorbereiding van hierdie rede. *Wat baat my kennis - en ook dié van my kollegas - van die Afrikaanse taalkunde die gemeenskap waarin ek juis hierdie kennis moet terugploeg?* Hoe kan ons van ons studente entoesiastiese ondersoekers maak? Myns insiens is die geleentheid van hierdie rede dan ook 'n ideale tyd en plek om "voorraad op te neem" oor dit wat ek doen.

In hierdie proses sal ek soos volg te werk gaan: eerstens sal daar 'n kort besinning wees oor kernbegrippe soos "taal" en "taalkunde" - hierdie besinning sal toegelig word met verwysings na publikasies oor die Afrikaanse taalkunde ten einde u binne die vakgebied as sodanig te plaas. Dit sal opgevolg word deur 'n kort bespreking van die begrip "relevansie" omdat dit myns insiens die primêre vraag is wat tydens hierdie intreerede beantwoord moet word. Hierna sal u op 'n kort reis geneem word deur die onderafdelings van my vak: **die Afrikaanse taalkunde** - in die besonder daardie afdelings waarmee ek my oor die jare besig gehou het en waarin ek hoop dat ek 'n bydrae gelewer het. Hopelik sal u aan die einde van die rede kan sê (a) dat u tog dink dat die Afrikaanse taalkunde nie die tradisioneel vervelige komponent van die studie van Afrikaans is nie en (b) dat die Afrikaanse taalkunde as

sodanig tog daarin in staat is om van die eiesoortige probleme wat ons in Suid-Afrika het, op te los.

3. WAT IS "TAAL"?

3.1 Dis moeilik om die begrip "taal" na behore te omskryf, want taal kan so baie dinge wees. Crystal (1987: 396) sê bv. in die meeste handboeke waarin taalkwessies ter sprake kom, is daar pogings om die kwessie van die **definisie** van wat 'n taal sou wees te vermy en dat daar eerder probeer word om die **begrip** "taal" te karakteriseer. Die rede hiervoor is ook duidelik: die skrywers van hierdie handboeke erken "...that the question of identifying an individual language has no simple, single answer..." (Crystal 1987: 396). Dit blyk uit die talle benaderings wat al gevolg is om die begrip "taal" te omskryf: sommige skrywers fokus op die *algemene begrip* "taal", ander weer op die meer *spesifieke begrip* "'n taal"; ander beklemtoon weer die besondere *kenmerke* van taal (bv. die klanksisteem, die betekenis sisteem, die morfologiese sisteem, ens.) of die besondere *funksies* wat taal in 'n gemeenskap verrig. Vir sommige is die fokuspunt die verskille tussen die kommunikasiestelsels van mense en diere. "Some point to the similarities. At one extreme, there are definitions that are highly technical in character; at the other, there are extremely general statements, reflecting the way in which the notion has been applied figuratively to all forms of human behaviour, such as the 'language' of music, cookery, or the cinema", sê Crystal (1987: 396).

Lyons (1981: 1) gee 'n ander interessante dimensie aan die gesprek: hy sê die vraag "Wat is taal?" is vergelykbaar met 'n vraag soos "Wat is lewe?" Hierdie soort vraag word volgens Lyons nie elke dag deur bv. 'n bioloog gestel nie - dit is "...not the kind of question that the biologist has constantly before his mind in his everyday work" ten spyte daarvan dat die antwoord hierop die basis vorm van die biologiese wetenskap. Wat wel duidelik is, is dat die veronderstelde betekeniswaarde ("meaningfulness") van hierdie vraag - naamlik die presupposisie dat alle lewende wesens sekere eienskappe of reekse eienskappe deel wat hulle van nie-lewende wesens onderskei - die grense van sy belangstellings bepaal en ook die selfstandigheid van sy vakgebied regverdig. Alhoewel 'n vraag soos "Wat is lewe?" aan 'n vakgebied

soos biologie die vernaamste rede vir die bestaan van hierdie dissipline gee, is dit nie soseer die vraag nie as die besondere interpretasie wat die bioloog hieraan gee "...and the unravelling of its more detailed implications within some currently accepted theoretical framework that nourish the biologist's day-to-day speculations and research" (Lyons 1981: 1). Volgens Lyons is dit dieselfde geval wanneer 'n taalkundige die vraag "Wat is taal?" probeer beantwoord. Die taalkundige sal homself dus ten doel stel om op die een of ander wyse uitsprake te gee oor hoekom die mens kommunikeer soos hy wel kommunikeer en waarom hy een vorm van kommunikasie bo 'n ander een verkies. Die begrip "taal" vorm daarom ook die kern van die taalkundige se bedryf, want hy wil vasstel wat in die besonder kenmerkend is van dit wat as "taal" bekend staan. (Vgl. hieroor ook Finegan & Besnier 1989: 1-14; Fowler 1974: 1-17; Fromkin, Rodman & Neijt 1986: 1-16; Traugott & Pratt 1980: 4 e.v; e.a.)

- 3.2 'n Vraag wat hierby aansluit, is die volgende: *waarom is taal so 'n fassinerende studiegebied?* Binne die konteks van hierdie intreerede kan dit selfs geformuleer word as: *waarom hou die taalkundige hom op met die studie van taal?* Crystal (1987: 1) verskaf hierop die volgende antwoord (vry vertaal): Waarskynlik omdat taal so 'n unieke rol speel in die weergee van die mens se gedagtes en sy prestasies. Rondom ons is daar duisende tale en dialekte en elkeen druk 'n besondere wêreld- en lewensbeskouing, lewenswyse en unieke literatuur uit. Deur middel van taal kan ons terug kyk na die verlede, na ons voorgangers se optredes en gedagtes; ons kan egter ook vorentoe kyk en deur middel van taal beplan vir die toekoms. Ons kan na die ruimte kyk en vorme van kommunikasie saam met die ruimtetuie na vreemde bestemmings stuur om te verduidelik wie ons is - net ingeval daar iemand daar buite is wat dalk wil weet wie ons is... Afgesien hiervan vervul taal ook 'n baie belangrike rol in die sosiale gemeenskap, want dit is die manier hoe ons onself uitleef in die maatskappy, hoe ons probleme oplos wat moontlik as gevolg van taal kon ontstaan het. Elke deel van 'n gemeenskap word hierdeur geraak en almal kan baat by 'n studie van die taalkundige faktore wat grense tussen mense kan opklaar. *'n Studie van taal probeer daarom in wese antwoorde vind op die vraag waarom taal so belangrik is vir die funksionering van 'n ordelike gemeenskap.* Taal kan objektief bestudeer word en die kennis wat hieruit verwerf

word, sal ons in staat stel om insig te verwerf in 'n wêreld waar gestreef word na verdraagsaamheid en wedersydse respek.

- 3.3 Hiermee word nie geïmpliseer dat die studie en kennis van taal alle probleme in die wêreld sal kan oplos nie. Inteendeel! Wat dit wel bied, is 'n blik op die ingewikkelde en heterogene wêreld waarin ons ons bevind. Daar is soveel emosie rondom taal aan die gang (vgl. bv. die huidige taledebat in SA, of die taalkwessie in België of ander wêrelddele) dat groter insig in taal as kommunikasiemedium net kan bydra tot groter wedersydse begrip vir mekaar se behoeftes en strewes. Crystal (1987: 1) vat dit só saam: "...the systematic analysis and discussion of language in an objective way is an essential step forward towards any world in which mutual respect and tolerance is a reality".

In aansluiting hierby sê mev. Greetje van den Bergh, Algemene Sekretaris van die Nederlandse Taalunie, in 'n onlangse artikel (1995: 261) dat taal 'n ontsettend belangrike deel van die mens se totale bestaan vorm: "Mensen wonen in hun taal. Ze voelen zich erin thuis, ze kennen er de weg, ze durven in hun taal zichzelf te zijn, grapjes te maken, hun diepste gevoelens te uiten en een erudiet betoog op te bouwen. Als je dat van mensen afneemt, verliezen zij een deel van hun identiteit en hun zelfbewustzijn." Dié betoog alleen regverdig die studie van taal! Daar kan wel duidelik hieruit afgelei word dat taal so baie funksies (waarvan hier onder slegs 'n paar genoem sal word) het waarsonder ons nie in ons daaglikse lewe oor die weg sal kan kom nie:

- * Dit is dié kommunikasiemiddel by uitstek waarmee ons ons daaglikse doen en late afhandel.
- * Dit het 'n instrumentele karakter omdat dit vir die mens die instrument is waarmee hy bepaalde doelwitte bereik.
- * Dit is 'n individuele verskynsel - almal gebruik tog nie taal op dieselfde wyses nie.
- * Dit is 'n uiters persoonlike verskynsel, want dit gee so baie weer van die persoon wat dit gebruik.
- * Dit is die belangrikste middel tot sosialisering waaroor die mens beskik.

Taal as verskynsel verdien op grond van die bostaande opmerkings beslis 'n deeglike studie!

4. WAT IS DIE "TAALKUNDE"?

- 4.1 "Linguistics is the scientific **study** of language" sê Fowler (1974: 19). Finegan & Besnier (1989: 8) brei hierop uit: "Linguistics is the scientific **inquiry** into human language - into its structures and uses and into the relationship between them". Dus: taalkunde is die wetenskaplike studie van taal¹ en in die besonder die studie van die **strukture** (d.i. die grammatikale kompetensie van taalgebruikers) en die **funksies** (d.i. die kommunikatiewe kompetensie van taalgebruikers) van taal. Ons sou verder kon gaan en sê dat die taalkunde die studie is van die vermoë van die mens om taal in sy volle omvang in te span om daaglik met ander te kommunikeer.

Finegan & Besnier (1989: 8) gaan egter verder met hulle beskrywing van wat die taalkunde behels: ten spyte van 'n geweldige toename in kennis oor ons kennis van menslike taal oor die jare, weet ons egter nog nie genoeg om taal heeltemal te verstaan nie. "In fact, language is so complex and multifaceted that any attempt to define it in a few words is doomed. Linguistics is best regarded as an enterprise whose principal objective is to provide an increasingly adequate understanding of particular facets of languages, thereby building our understanding of the nature of language itself". Juis die poging om op 'n objektiewe en wetenskaplike wyse met taal om te gaan, het daartoe gelei dat taaldepartemente reg oor die wêreld ontstaan het met as primêre taak die beskrywing van die besondere aspekte van besondere tale. Daarom sê Fowler (1974: 19) heel tereg dat taalkunde as vakdissipline vandag erken word as 'n volwaardige studiegebied naas dissiplines soos biologie, botanie, wiskunde, ekonomie, volkekunde, chemie, e.s.m. - dit is in eie reg 'n vakgebied wat geweldige navorsingspotensiaal het, wat wêreldwyd duisende toegewyde volgelinge het, en wat tallose publikasies tot gevolg het. Die regverdiging vir al hierdie aktiwiteite is

¹ Daar is nie ruimte om hier in te gaan op presies wat bedoel word met die "wetenskaplike" element van taalstudie nie. Lyons 1981: 37-47 gee 'n uitvoerige bespreking hiervan.

voor die hand liggend: "language is so valuable to the individual, so critical to the efficient functioning of human societies, and in itself so impressively intricate and profound in structure, that it is bound to attract a great amount of intellectual attention." Hieruit volg dan weer: omdat al hierdie toegewyde aandag navorsing en resultate moet lewer wat van **praktiese belang** vir die gemeenskap is (waarby ek sal uitkom in afdelings 5 en 6), kan die taalkunde as studieterrrein inderdaad beskou word as 'n akademies en ekonomies bruikbare oefening.

- 4.2 Hieruit volg 'n verdere vraag: *watter aspekte van taal word alles betrek in die studie van 'n besondere taal?* Die antwoord hierop is betreklik eenvoudig: 'n taal het klanke (**foneties**) wat volgens besondere klanksisteme ingespan word (**fonologie**); daar is woorde met besondere betekenis (**semantiek**) en hierdie woorde word op besondere wyses saamgestel (**morfologie**); daar is sinne wat op besondere wyses eie aan die betrokke taal gevorm word (**sintaksis**) en hierdie sinne/uitings word op bepaalde wyses in sekere kontekste gebruik (**pragmatiek**); dit vertoon verskeidenheid om al die taalbehoefes van die gemeenskap te akkommodeer (**variasietaalkunde**); dit het besondere voorkeure vir die korrekte gebruik van die taal (**normatiewe taalkunde**). Afgesien hiervan het 'n taal 'n verlede wat bestudeer word om te bepaal waar lê die wortels van die besondere taal (**diachroniese taalkunde/taalgeskiedenis**), en aan die ander kant is daar ook 'n vooruitskouing op wat vir 'n taal in die toekoms voorlê (**taalpolitiek, taalbeplanning**).
- 4.3 Finegan & Besnier (1989: 9) sê die studie van hierdie aspekte val eintlik uiteen in drie belangstellingsgroepe:²
- (a) Daar is taalkundiges wat primêr geïnteresseerd is in die studie van die **grammatikakomponente** van besondere tale: soos die beginsels van sinsformulering in Afrikaans [vgl. Ponielis 1979 en 1989b, Du Plessis 1982, Botha 1985], van die vorming van klanke in Afrikaans [vgl. De Villiers 1970, De Villiers &

²

Ek gaan probeer om by hierdie uiteensetting belangrike bronne oor die Afrikaanse taalkunde te betrek. Die ideaal sou eintlik gewees het om hier 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde as selfstandige studiegebied te gee, maar die ruimte daarvoor ontbreek. Vergelyk in hierdie verband o.m. De Klerk 1972, Gouws 1984, Ponielis 1987 en 1989.

Ponelis 1987, Coetzee 1989⁴], van die klanksisteme van Afrikaans [vgl. Combrink & De Stadler 1987, Wissing 1982], van die vorming van woordstrukture in Afrikaans [vgl. Combrink 1990], van betekenisaspekte van Afrikaans [vgl. De Villiers 1975, De Klerk 1978, De Stadler 1989, Van Jaarsveld 1985].

- (b) Daar is taalkundiges wat hulle in die besonder toespits op **taalvariasie** en die aspekte wat daarmee saamhang: variasie binne 'n taalgemeenskap is so vanselfsprekend soos die variasie binne 'n sosiale gemeenskap. Variasie kom op verskeie vlakke voor: binne 'n enkele taalgemeenskap (soos Afrikaans) is verskille tussen die taalgebruikers toe te skryf aan geografiese, sosiale en stilistiese faktore en daar is taalkundiges wat die aard hiervan ondersoek [vgl. Louw 1959, Claassen & Van Rensburg (reds.) 1983, Du Plessis 1995²].
- (c) Daar is taalkundiges wat meer daarop ingestel is om die bevindings van hulle navorsing toe te pas op terreine wat verband hou met die **praktiese probleme** van die (Afrikaanse) gemeenskap waarbinne hulle funksioneer. Hier kry aspekte soos normatiewe grammatika [vgl. Carstens 1994³], die totstandkoming van onderwysgerigte taalhandboeke [vgl. Du Toit 1989², Van Schoor 1983, Webb & Beukes (reds.) 1991, asook die talle skoolhandboeke], die skryf van geletterdheidsprogramme, die aanleer van Afrikaans as vreemde taal [vgl. Van Schalkwyk 1988, Wybenga (red.) 1989, Donaldson 1993], taalpolitieke en taalbeplanningskwessies [vgl. Steyn 1980 en 1995, Prinsloo & Van Rensburg (reds.) 1984, Du Plessis & Du Plessis (reds.) 1987, Du Plessis 1992, Webb (red.) 1992], die tekslinguistiek [vgl. Carstens & Hubbard (reds.) 1993, Hubbard & Carstens (reds.) 1994, Wybenga 1988, Carstens 1996 (manuskrip)] en leksikografie [vgl. Gouws 1989] besondere aandag.

By hierdie groeperings kom daar ook 'n vierde navorsingsgroep wat vir die studie van die taalkunde van groot belang is:

- (d) Daar is taalkundiges wat hulle toespits op ondersoeke na die **herkoms en ontwikkeling** van tale. Ten opsigte van Afrikaans is daar taalkundiges van die formaat van SPE Boshoff (1921), DB Bosman (1923), die broers Nienaber (GS en PJ wat oor die jare werk van onskatbare waarde vir Afrikaans gedoen het), J du P Scholtz (1964, 1965, 1972, 1975, 1980, 1981²), EH Raidt (1983, 1991³), RH Pfeiffer (1980), CJ Conradie (1986), MCJ van Rensburg (1990) en FA Poneelis (1990, 1993) - elkeen het 'n besondere bydrae gelewer om die verlede van Afrikaans in perspektief te plaas.

Dit blyk duidelik dat die kompleksiteit van taal en die veelheid van implikasies wat dit inhou vir die lewe van mense en die gemeenskappe waarvan hulle deel is, verseker dat 'n dissipline wat hom toewy aan die studie hiervan veelfasettig en akkommoderend moet wees (Fowler 1974: 19). Daar word dus eintlik nie net met een aspek van taal gewerk nie, maar met verskeie aspekte wat die veelkantigheid van die gemeenskap reflekteer.

5. DIE TAALKUNDE EN DIE BEGRIP "RELEVANSIE"

- 5.1 Die jongste hersiene uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT; 1994³: 852) omskryf die begrip "relevant" as: "Wat ter sake, van betekenis, (van) belang is in hierdie tyd en situasie; tersaaklik; wat op die voorgrond tree". Die vraag is nou duidelik: is daar iets in die Afrikaanse taalkunde wat maak dat die kennis wat versamel word deur 'n studie van die Afrikaanse taalkunde "van belang is in hierdie tyd en situasie"?

Die antwoord hierop is myns insiens 'n ondubbelsinnige JA! Navorsing wat vandag gedoen word en nie ook op die een of ander wyse bruikbaarheidswaardig is vir die gemeenskap wat deur die betrokke navorsers gedien word nie, loop die gevaar om gemarginaliseer te word. Die Pretoriase akademikus en rubriekskrywer in *Beeld*, Wilhelm Jordaan, verwys hierna in sy rubriek van 8 Maart 1995 met die opskrif "Tersiêre onderrig: Waarom wrywing met owerheid": hy sê dat dit van kernbelang is dat die outonomie van tersiêre inrigtings erken en gerespekteer moet word sodat die instellings "...'n voortrefflike bate vir die hele land sal bly". Dié opmerking is teen die agtergrond van

gerugte dat navorsing meer HOP-gerig behoort te wees en dat die nienakoming hiervan kan lei tot probleme met subsidies en inkorting van staatsteun. Jordaan voer aan dat daar 'n 'werkbare verhouding' tussen die staat en tersiêre inrigtings - en veral dié inrigtings se wetenskaplike bydraes - moet kom omdat hierdie "...bydraes deel is van die wetenskap se sosiale verantwoordelikheid en aanspreeklikheid aan die gemeenskap waarin dit gehuisves, en gedeeltelik deur die staat gefinansier word. Die outonomie van die wetenskap mag nooit beteken dat dit in die heerlike isolasie van die spreekwoordelike ivoortoring bedryf word nie", want "(s)o 'n wetenskap sal oplaas 'n blok aan die been van die samelewing wees". Die wetenskap mag egter nie deur die staat voorgeskryf word hoe dit bedryf moet word nie, want die wetenskap as sodanig moet bedryf word, "...gevrywaar van vooropgestelde idees", m.a.w. sonder dat *voorgesê* word hoe dit aangepak moet word.

- 5.2 Webb (1983: 230-232) sluit hierby aan in 'n hoofstuk getitel "Die taalwetenskap as sosiale wetenskap" in 'n boek oor taalverskeidenheid in Afrikaans³. Hy kritiseer die resultate van die konvensionele taalwetenskap - met besondere verwysing na Chomsky (1965: 3) se benadering dat die taalwetenskap primêr moet kyk na die "ideel speaker-listener in a completely homogeneous speech community who knows its language perfectly" - omdat dit sosiaal byna betekenisloos is, want dit "...het nagenoeg niks te sê oor die probleme van ons moderne samelewing vir sover dié probleme linguisties van aard is nie".

Volgens hom is daar verskeie argumente wat aangevoer kan word hoekom die wetenskap - wat gerig behoort te word op die "...ontdekking van die waarheid omtrent die werklikheid waarin ons leef" (bl. 230) - tog as 'n sosiaal relevante aktiwiteit beskou kan word:

- * Die wetenskap was in sy oorsprong spesifiek in diens van die mens. (Oorspronklik was dit gerig op die oplossing van die mens se praktiese probleme - soos siekte, armoede, plaë, angste, natuur-

³ Hierdie hoofstuk verdien 'n indringender beskouing as waarvoor hier ruimte beskikbaar is. Dit beklemtoon egter duidelik die sosiale relevansie van die taalwetenskap en dit behoort daarom behoorlik deurgewerk te word.

rampe - en vandag is dit nog steeds die middel waardeur die mens sy bestaansprobleme probeer oplos.)

- * Die wetenskap het intiem betrokke geraak by die maatskappy en dit is teoreties nie moontlik om die wetenskap en die praktyk van mekaar te onderskei nie.
- * Die wetenskap het 'n duur bedryf geword en die gemeenskap wat instaan vir die befondsing van die wetenskaplike projekte, "...is daarop geregtig om voordeel te trek uit die wetenskapsbedryf. In die lig hiervan is die najaag van kennis net ter wille daarvan alleen, oneties", aldus Webb (1983: 231).

Hieruit blyk dit volgens Webb (1983: 231) dat die wetenskap nie los kan staan van die probleme wat die maatskappy vandag ondervind nie, want probleme soos armoede, onderdrukking, siektes, geweld en *gebrekkige kommunikasie* kom nog steeds voor - soos dit ook in die verlede die geval was. Daarom moet die wetenskap help om hierdie probleme op te los. "Die wetenskap - ook die taalwetenskap - moet sosiaal sinvol wees, moet in diens staan van ons samelewing" (Webb 1983: 231). Dit kan gedoen word op twee wyses:

- (i) Die wetenskap - ook die taalwetenskap as besondere wetenskapsterrein - moet die gemeenskap dien deur sy resultate. Die navorsingsresultate van ook die Afrikaanse taalkunde is hier van belang: kennis van 'n normatiewe benadering tot taalgebruik, kan bydra om taalpraktyksprobleme op te klaar; kennis van die teorie van taalbeplanning kan help om Afrikaans se posisie in die nuwe politieke bedeling te beveilig; kennis van die beginsels van die tekslinguistiek kan meehelp om probleme m.b.t. bv. vreemdetaalonderrig op te klaar, ens.
- (ii) Die wetenskap moet in staat wees om die werklike probleme van die samelewing te identifiseer; dit beteken dat die wetenskap dan sy neutraliteit opsê en betrokke raak by probleemidentifisering en -oplossing. Ook die taalwetenskap het hier 'n rol te speel: as primêre middel tot kommunikasie in die gemeenskap moet taal se funksies en moontlikhede ondersoek word en die resultate hiervan sal dien om die kommunikasiemoontlikhede te verbeter.

- 5.3 Taal vervul dus 'n uiters belangrike rol in die gemeenskap en gevolglik sal taalnavorsing en -opleiding wat gerig is op die oplos van probleme in die gemeenskap relevante navorsing en -opleiding wees. Navorsing wat hieraan gehoor gee, sal "van belang wees in die tyd en situasie" waarin dit gesitueer is.

6. DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE

Enige navorser sal weet dat 'n mens nie werklik alle aspekte van jou vakgebied behoorlik onder die knie kan kry nie. Dis ook in die taalkunde die geval en daarom moes ek as dosent en as navorser ook my eie voorkeurgebiede bepaal. Oor die jare het ek veral akademiese bydraes gelewer t.o.v. vier gebiede (die normatiewe taalkunde, variasie-taalkunde, diachroniese taalkunde en die tekslinguistiek) en ek gaan u vinnig op 'n reis deur hierdie gebiede neem sodat u ook my eie navorsingsbydrae kan meet aan die titel van hierdie intreerede "Die Afrikaanse taalkunde - in diens van die gemeenskap".

6.1 *Die Afrikaanse normatiewe taalkunde*

- 6.1.1 Die normatiewe taalkunde het 'n groot stoot vorentoe gekry met die publikasie van Botha & Sinclair (reds.)(1985) se *Norme vir Taalgebruik*. Dié bron het as stimulus gedien vir verskeie artikels en hieruit uiteindelik my eie boek *Norme vir Afrikaans* (1989, 1991², 1994³) ontstaan.
- 6.1.2 Wat is die normatiewe taalkunde? Iemand wat die normatiewe taalkunde bestudeer, konsentreer in die besonder op die "norme" wat daar in taalgebruik voorkom. Die doel hiervan is om riglyne te bepaal vir taalkundige gedrag. Ruweg kan gesê word dat dit by normering gaan om veral twee aspekte: (a) die gee van **leiding** oor hoe taal gebruik kan word en (b) die **kontrolering** van taalgebruik nadat die taal wel gebruik is. As sodanig het normatiewe taalkunde groot waarde vir taalpraktisyns (soos vertalers, tolke, taalversorgers, joernaliste, omroepers, kopieskrywers, skrywers, taalonderwysers, taaldosente, e.s.m.) en dit volg dan logies hieruit dat heelwat publikasies die afgelope paar jaar die lig gesien het as hulp vir hierdie taalpraktisyns - taalgidse soos die *Sakboek van Regte Afrikaans* (Spies & Combrink

1994²), *Die Korrekte Woord* (Van der Merwe & Ponelis 1991⁷), *Nuwe Taalgids* (Coetsier 1992) is hier goeie voorbeelde.

Die bekende spellinghandleiding in Afrikaans, die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (1991⁸), is 'n verdere voorbeeld van 'n unieke normatiewe bron. Dan kom daar nog die talle woordeboeke wat in SA beskikbaar is vir taalgebruikers en onlangs het daar bv. nuut hersiene uitgawes van die bekende *HAT* (1994) asook die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (1993) - waarvan een van die samestellers, prof. FJ Labuschagne, een van my voorgangers aan die PU vir CHO was - verskyn. Tans is 'n nuwe handboekreeks oor die Afrikaanse gebruikskunde in die beplanningsfase - dis inderdaad 'n aanduiding van die groeiende belangstelling in die resultate van taalpraktyksnavorsing vir die Afrikaanse taalgemeenskap.

- 6.1.3 As Dept. Afrikaans en Nederlands streef ons ook daarna om iets van hierdie kennis deur te gee aan ons studente. Met die oog hierop is daar in elkeen van die taalkundeleerplanne van die drie voorgraadse jare 'n komponent *taalgebruikskunde* ingewerk. Op nagraadse vlak word 'n honneurskursus in *Afrikaanse taalpraktyk* aangebied en die kommentaar wat hieroor vanuit die taalpraktyk terug ontvang word, is geweldig positief.
- 6.1.4 Kennis van die normatiewe taalkunde (in die besonder van die onderskeie taalnorme en die beskikbare taalbronne) dra beduidend daartoe by om vaardiger taalgebruikers tot stand te bring. In hierdie opsig word dus relevante taalkunde beoefen.

6.2 *Die Afrikaanse variasietaalkunde*

- 6.2.1 Die Afrikaanse variasietaalkunde is in vergelyking met die studie van die meer tradisionele grammatikale aspekte eintlik 'n jong vakgebied. Vroeër is daar weliswaar pogings aangewend deur taalkundiges soos GR von Wielligh (eintlik 'n amateur-taalkundige, met sy boek *Ons Geselstaal* (1925)) en JH Rademeyer met sy 1938-bron *Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rehoboth-Basters* om **taalgeografiese** verskille sorgvuldig op te teken en daarvoor rekenskap te gee. Prof. SA Louw se wonderlike werk met *Die Afrikaanse Taalatlas* (1959 - en die byvullings hierby oor die jare) is uiteraard 'n

primêre bron om die invloed van geografiese verskille op taalgebruik aan te dui.

In navolging van die werk van die bekende Amerikaanse sosiolinguïst William Labov wat in die vroeë sestigerjare begin het om ook te kyk na hoe **sosiale verskille** in 'n gemeenskap in taalgebruik gereflekteer word (vgl. hier sy bekende studies na klankverskille op die eiland Martha's Vineyard (1972b), na die invloed van klasverskille op taalgebruik soos dit voorkom in verskeie afdelingswinkels in New York City (1966), e.s.m.), het die klem in Afrikaanse variasiestudies ook wegbeweë van blote taalgeografiese studies. Dit het uiteindelik gekulmineer in Claassen & Van Rensburg (reds.) (1983) se bron *Taalverskeidenheid - 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans* en verder in Hans du Plessis se baanbrekersboek *Variasietaalkunde* (1987, 1995²).

6.2.2 Wat het die variasietaalkunde ons geleer van taalstudie? Die insigte van die variasietaalkunde het duidelik laat blyk dat taal nie in isolasie beoefen kan word nie en dat taal in wese konteksgebonde is. Dit het verder duidelik geword dat die sosiale verskeidenheid wat in die taalgemeenskap voorkom, bloot weerspieël word in die taalgebruik van die betrokke gemeenskap, m.a.w. dat die inherente sosiale stratifikasie in 'n gemeenskap bloot 'n weergawe is van die inherente linguïstiese verskeidenheid. Hierdie soort insigte kon op onderrigvlak aangewend word (a) om groter begrip te kweek vir die verskeidenheid in die taalkundige vermoëns van skoolkinders en (b) ook vir die besef dat die enigste korrekte vorm van 'n taal nie net die standaardvariëteit van 'n taal is nie. Hopelik dra my reeks artikels oor die sosiolinguïstiek in die *Tydskrif vir Taalonderrig* by om hier onduidelikhede uit die weg te ruim (vgl. Carstens 1991b, 1992a, 1992b, 1993a).

'n Taal is die som van AL sy variëteite en daarom is dit verkeerd om die eng siening te handhaaf dat daar net een korrekte variëteit van 'n taal is. Webb (1989: 432) wys dan ook duidelik uit dat daar nie so "...iets is soos die beste of korrekste vorm van Afrikaans nie", want "(e)like vorm van Afrikaans is goed en geskik vir 'n spesifieke konteks". Dit beteken dat ons dan eerder praat van "gepaste Afrikaans" as van "korrekte Afrikaans". Hierdie soort insig bring mee dat daar met 'n oper perspektief na taalgebruik gekyk word as wat vroeër die geval was.

Ons besef hiermee inderdaad dat Afrikaans 'n "huis met vele wonings is".

- 6.2.3 Die variasietaalkunde as vakgebied het 'n ander baie interessante dimensie, naamlik dat hier dikwels taalsosiologiese aspekte ter sprake kom - aspekte soos taalpolitiek en taalbeplanning. Afrikaans is in die veranderde "Nuwe Suid-Afrika" in 'n drukgang en daar is pogings om Afrikaans se status as selfstandige taal aan te tas. Hierdie pogings kan grootliks bestry word op grond van die insigte wat verkry is uit die teorie en praktyk van taalpolitiek (vgl. bv. Prinsloo & Van Rensburg (reds.) 1984, Du Plessis & Du Plessis (reds.) 1987, Webb (red.) 1992) asook uit dié van taalbeplanning (vgl. Verhoef 1991, Du Plessis 1991). Sonder hierdie soort insigte sou die pogings om Afrikaans se status en funksies te behou, problematies gewees het.
- 6.2.4 In ons Departement word probeer om ons studente met hierdie taalrealiteite te laat kennis maak - sodoende slaag ons hopelik daarin om beter voorbereide produkte die wêreld in te stuur wat bedag sal wees op die slaggate wat moontlik in die taalpraktyk op hulle weg sal kom.

6.3 *Die diachroniese taalkunde*

- 6.3.1 Die diachroniese taalkunde as vakgebied bied verskeie opwindende moontlikhede, veral omdat dit die vakgebied is waar inligting versamel word oor die herkoms en ontwikkeling van tale. Die Afrikaanse diachroniese taalkunde konsentreer uiteraard op die oordrag van feite en argumente oor Afrikaans se herkoms en eiesoortige ontwikkeling en oor jare was daar navorsers wat voortrefflike werk op hierdie vlak gedoen het - vgl. bv. proff. J du P Scholtz, EH Raidt, RH Pfeiffer, en FA Ponelis se bydraes in hierdie verband.
- 6.3.2 Die inligting wat deur 'n studie van 'n taal se verlede verkry word, help om perspektief te gee op die mense wat die taal gebruik. Afrikaans is nie 'n taal wat sommer uit die lug geval het - by wyse van spreke - nie! Afrikaans kom naamlik 'n lang pad: via Indo-Europees, Germaans, Suid-Germaans, Binne-Germaans, Oud-Wesnederfrankies, Oud-Nederlands, Middelnederlands, Nieu-Nederlands, en 17de-eeuse Nederlands (standaard en dialekties) tot op Suid-Afrikaanse bodem (vgl. hieroor o.m. Conradie 1986; Ponelis 1984, 1989, 1993; Raidt 1983, 1991). Hier het dit in Afrika-omstandighede verder ontkiem en onder invloed

van talle tale (Europese tale, Oosterse tale en verskeie Afrikatale) so ontwikkel dat dit vandag ook as 'n besondere taal van Afrika gereken kan word. Insig in hierdie verwickelde (Europese én Afrika-) geskiedenis van Afrikaans bring insig mee in die ingewikkelde Afrikaanse spraakgemeenskap.

Afrikaans het sprekers van Europa én van Afrika in sy geledere. Ons uitdaging is om hierdie kompleksiteit in die huidige politieke bedeling te begryp en te kyk hoe ons uit verskeidenheid eenheid kan maak.

- 6.3.3 Die studente in ons Departement word gekonfronteer met die feite oor Afrikaans se verlede en ons help hulle om objektief en wetenskaplik gegrond daarna te kyk. Hopelik stuur ons studente hier uit wat weet waarom Afrikaans vir so baie mense so 'n emosionele saak is en wat hierdie inligting ook op 'n nugtere wyse kan oordra.

6.4 *Die tekslinguistiek*

- 6.4.1 Die tekslinguistiek is as vakgebied in Afrikaans nog betreklik nuut en dit het eers die afgelope tien jaar werklik momentum begin optel (vgl. Carstens 1994b). Die doel van hierdie vakgebied is om te bepaal wanneer stukke taal werklike "tekste" is en wat dit is wat maak dat een stuk taal makliker begryp word as 'n samehangende teks as wat die geval met 'n ander stuk taal is.
- 6.4.2 Die primêre teoretiese benadering wat t.o.v. hierdie dissipline in Suid-Afrika nagevolg word, is die raamwerk soos uiteengesit deur De Beaugrande & Dressler (1981) in hulle boek *Introduction to Text Linguistics*. Hiervolgens is 'n "teks" 'n kommunikatiewe gebeurtenis wat aan die gestelde sewe standaarde van tekstualiteit (nl. kohesie, koherensie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, kommunikatieweiteit, kontekstualiteit en intertekstualiteit) moet voldoen. Dié benadering is oor die jare deur talle navorsers gekritiseer en aangevul, maar dit blyk dat die kern van hierdie teorie nog steeds behoue bly.

My huidige navorsing is ook sterk gerig op hierdie teorie, in die besonder om te bepaal hoe dié teorie op Afrikaans van toepassing gemaak kan word (vgl. Carstens 1981, 1984, 1985a, 1985b, 1986a, 1986b, 1987, 1991a, 1992c, 1993a, 1994b, 1994c, 1995). Daar is voldoende aanduidings dat die manuskrip wat tans hieroor in voor-

bereiding is, in 1996/1997 voltooi sal word en die vertroue is dat die gepubliseerde bron as rigtingwyser sal kan dien vir toekomstige navorsing op hierdie gebied.⁴

- 6.4.3 Die vraag kan seker tereg gevra word watter bydrae tekslinguistiek bied in die ontsluiting van kennis? Die antwoord is betreklik eenvoudig: Dit bied insig in die struktuurpatrone van taalt tekste en help in die besonder om probleme rondom doeltreffende kommunikasie in onderrigssituasies op te klaar. Navorsing deur Hubbard (1989), Wessels (1993) en Pretorius (1994) het bv. bygedra tot die begrip vir kommunikasieprobleme wat studente met akademiese diskoers ondervind en daar is aan UNISA riglyne neergelê hoe hierdie probleme te bowe gekom kan word. Afgesien hiervan bied kennis van die tekslinguistiek insig in die wonderlike en ingewikkelde wêreld van literêre tekste (vgl. Carstens 1992c).

7. DIE PAD VORENTOE

Die taalkunde as studieterrein bied talle opwindende moontlikhede - hopelik kon u as gehoor darem iets van my *opwinding* om by hierdie vak betrokke te wees, aflei.

Die pad vorentoe is moeilik om te voorspel, maar dis redelik veilig om aan te neem dat die klem in die toekoms meer sal val op die praktykgerigte benaderings tot taalstudie. Dis moeilik om studente vandag werklik geïnteresseerd te kry in dieptestudies oor (byvoorbeeld) die Afrikaanse sintaksis of die Afrikaanse morfologie, maar dis fassinerend om te sien hoe dieselfde studente opgewonde kan raak oor die variasietaalkunde en die taalpolitiek. Waarom is dit so? Waarskynlik omdat dit wat hulle daar leer vir hulle meer sin uitmaak oor die lewe daarbuite.

In 'n insiggewende artikel getitel "Wat maak die kokke op die Titanic?" (1994) sê die skrywer Abraham de Vries dat 'n meer praktykgerigte benadering nie heeltemal buite rekening gelaat kan word nie. Hy bedoel nie hiermee dat hoë akademiese kwaliteite skielik in onguns is

⁴ 'n Manuskrip, voorlopig getitel *Inleiding tot 'n Afrikaanse tekslinguistiek*, is tans in voorbereiding.

nie, maar wel dat daar ánder eise gestel word in ánder tye en dat daar hierby aangepas sal moet word. As 'n student sê dat hy onseker is oor hoekom hy 'n graadkursus met Afrikaans/Afrikaans en Nederlands as hoofvak behoort te neem omdat hy onseker is wat hy daarmee kan gaan doen, begin die gevaarligte werklik flikker, volgens De Vries (1994: 310). Dit is so dat studente al hoe meer verwag dat hulle kursusse "loopbaannut" sal hê en gevolglik kan die aandrag uit die taalpraktyk net nie geïgnoreer word nie. In Nederland het dit gebeur dat die praktyksbehoefes aanleiding gegee het tot die skep van 'n nuwe rigting wat as "taalbeheersing" bekend staan. Volgens De Vries is dit 'n vraag of hierdie soort kursusse nie ook al hoe meer in SA taalkursusse tuishoort nie.

Die taak vir universiteitsdosente in taalkunde is daarom om daardie fyn balans tussen *teoretiese opleiding* en *praktykswaarde* na te streef en studente uit te stuur wat in staat is om beredeneerd na die probleme van die taalpraktyk te kyk sonder om die waarde van hulle tersiêre opleiding gering te skat. Dit is ook my taak as dosent aan die PU vir CHO om iets hiervan in my klasse tereg te laat kom.

8. TEN SLOTTE

As u dink taalfoute is nie regtig so erg nie, sal die volgende storie u dalk weer laat dink: In die Nederlandse taaltydskrif *Onze Taal* (Mei 1995: 122-123) word onder die opskrif "Rampzalige taalfout" berig dat taalfoute 'n verneme oorsaak van ongelukke in die lugvaartbedryf is, aldus 'n lugrampdeskundige in die VSA n.a.v. sy ondersoek van meer as 200 ongelukke. 'n Goeie voorbeeld hiervan was die ramp wat in 1977 plaasgevind het op die lughawe van Tenerife toe 'n KLM-vliegtuig op die aanloopbaan gebots het met 'n groot Boeing van die Panam-lugredery. In die ramp het 583 mense gesterf.

Hoe het die ongeluk gebeur en hoe word taal daarin betrek? Toe die vlieënier van die KLM-vliegtuig begin met sy aanloop om op te styg, het hy soos volg aan die beampte (van Spaanse herkoms) in die lugbeheertoring laat weet: "We are now *at takeoff*" (m.a.w. ons is by die punt van opstyging) in plaas van die bedoelde "We are now *taking off*" (bedoeling: ons begin nou met ons aanloop om op te styg). Die lugbeheertoring het sy opmerking baie letterlik geïnterpreteer en aan 'n

ander vliegtuig die toestemming gegee om te kom land. Die gevolg: 'n ramp op die aanloopbaan toe die een kom om te land en die ander een begin opstyg. Die oorsaak hiervan was bloot 'n grammatikale verwarring ('n Nederlandssprekende vlieënier wat Engels gepraat het en nie mooi die verskil tussen "taking off" en "at takeoff" kon onderskei nie) en die gevolg van hierdie verwarring was werklik fataal vir 583 mense. Taal speel dus 'n uiters belangrike rol in daaglikse kommunikasie!

9. BEDANKINGS

By 'n geleentheid soos hierdie is dit so dat 'n mens ander persone wil bedank wat in die besonder bygedra het om die geleentheid moontlik te maak. In hierdie verband wil ek graag 'n paar persone uitsonder:

- * Die Potchefstroomse Universiteit vir CHO vir die vertroue wat in my gestel is deur my tot hierdie pos te bevorder.
- * Die Rektor, prof. CJ Reinecke, vir sy vriendelike aanmoediging tydens die vier jaar wat ek reeds aan hierdie Universiteit verbonde is.
- * Die huidige Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en my voorganger as hoof van die Dept. Afrikaans en Nederlands, prof. Jacques van der Elst, vir die geleentheid wat hy aan my gegee het en die vertroue wat hy in my gehad het.
- * Die vorige Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. Louis Gouws, vir sy bydrae tot my bevordering.
- * My vriende proff. Hans du Plessis en Daan Wissing dat hulle genoeg vertroue in my gehad het om my na die PU vir CHO te lok. Dankie vir lojale vriendskap oor die jare en vir die gewillige oor om na my idees te luister.
- * Kollegas in die Frans du Toitgebou vir die lekker werksatmosfeer wat hulle help skep.
- * My oudkollegas aan die Universiteit van Kaapstad wat bygedra het tot my vorming - in die besonder proff. RH Pheiffer, MM Walters

en Henning Snyman, dr. Hester Waher en Chris van der Merwe en mev. Biebie van der Merwe en Lizbé Smuts.

- * My lojale sekretaresse en goeie vriendin, mev. Emma du Preez, omdat sy so 'n steunpilaar is.
- * Kollegas van ander universiteite wat gery het om hier te wees.
- * Vriende wat ver gery het om hier te wees: veral oom Schalk en tannie Liefie Louw (tans van Parys, maar vroeër van Windhoek) asook dr. Schalk Louw en sy gesin van Bloemfontein.
- * My swaer en skoonsuster, dr. Pieter en mev. Irene van Jaarsveld, vir hulle aanmoediging oor die jare.
- * My ma wat spesiaal vanaf Windhoek vir die geleentheid hierheen gekom het.
- * My skoonma, mev. Tina van Jaarsveld, vir haar stille ondersteuning deur die jare en ook haar suster, mej. Hanna van Zyl, vir haar geduld met my.
- * My vrou *Wilma* en kinders *Ihan*, *Rikus* en *Annari*. Woorde het ek nie genoeg om hulle te bedank vir hulle ondersteuning nie.

Meneer die Rektor, dit was my storie. Ek vertrou dit het aan u verwagtinge voldoen!

.....

BRONNE

Boshoff, SPE 1921. *Volk en Taal van Suid-Afrika*. Pretoria: De Bussy.

Bosman, DB 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

Botha, RP & M Sinclair (reds.) 1985. *Norme vir Taalgebruik. Spil Plus 10*. Stellenbosch: Dept. Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch.

Botha, JP 1985. *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente*. Johannesburg: McGraw-Hill.

- Botha, TJR e.a. (reds.) 1984. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Botha, TJR e.a. (reds.) 1989 (tweede, hersiene uitgawe). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Carstens, WAM 1981. Oor taalkundige verwysing. *LVSA-Kongresreferate* 1981: 33-45.
- Carstens, WAM 1984. 'n Kontekstuele analise van Afrikaanse bepaalde voornaamwoorde. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Carstens, WAM 1985a. Pragmaties beheerde anafore? *SA Tydskrif vir Taalkunde* 3(2): 1-15.
- Carstens, WAM 1985b. Verwysing, bepaalde voornaamwoorde en die konteks. *LVSA-Kongresreferate* 1985: 54-63.
- Carstens, WAM 1986a. Die kontekstuele benadering tot taalstudie. *SA Tydskrif vir Taalkunde* 4(2): 1-18.
- Carstens, WAM 1986b. Moontlike benaderings tot 'n studie van die Afrikaanse bepaalde voornaamwoorde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 26(2): 107-124.
- Carstens, WAM 1987. De Beaugrande en Dressler (1981) se 'standaarde van tekstualiteit'. *SA Tydskrif vir Taalkunde* 5(2): 17-32.
- Carstens, WAM 1991a. Inleiding tot die sosiolinguistiek I: Sosiolinguistiek en die verskynsel van heterogeniteit in Afrikaans. *Tydskrif vir Taalonderrig* 25(3): 91-107. September 1991.
- Carstens, WAM 1991b. 'Teks' - 'n begrip op soek na 'n funksionele tekslinguistiese definisie. *SA Tydskrif vir Taalkunde* 9(4): 85-90. November 1991.
- Carstens, WAM 1992a. Inleiding tot die sosiolinguistiek II: Die konteks as bepalende faktor in die sosiolinguistiek. *Tydskrif vir Taalonderrig* 26(1): 32-40. April 1992.
- Carstens, WAM 1992b. Inleiding tot die sosiolinguistiek III: Die invloed van die pragmatiese konteks op sosiolinguistiese studies. *Tydskrif vir Taalonderrig* 26(2): 63-74. Julie 1992.

Carstens, WAM 1992c. Het die tekslinguistiek enige implikasies vir die studie van literatuur? *Literator* 13(2): 76-84. Augustus 1992.

Carstens, WAM 1993a. Die studierrein van die tekslinguistiek. In: Carstens, WAM & EH Hubbard (reds.) 1993: 1-14.

Carstens, WAM 1993b. Inleiding tot die sosiolinguietiek IV: Die ontwikkeling en onderskeiding van Afrikaans se standaardvariëteite. *Tydskrif vir Taalonderrig* 27(2):114-143. Julie 1993.

Carstens, WAM 1994³a. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: JL van Schaik.

Carstens, WAM 1994b. Enkele tendense in die ontwikkeling van die tekslinguistiek. In: Van der Merwe, C; H Waher & J Hambidge (reds.) 1994: 151-163.

Carstens, WAM 1994c. Die stand van teks-/diskoersstudie in Suid-Afrika: organisasie of disorganisasie? *SA Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 22: 5-42. Desember 1994.

Carstens, WAM 1995. Trends in text/discourse studies in South Africa. *Anglicana Turkuensia*. (Ter perse.)

Carstens, WAM 1996 (manuskrip). *Inleiding tot 'n Afrikaanse tekslinguistiek*. (In voorbereiding)

Carstens, WAM & EH Hubbard (reds.) 1993. *Tekslinguistiek/Text Linguistics*. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 15, Mei 1993.

Carstens, WAM & PL van Schalkwyk 1994. Die standaard van tekstualiteit en Breyten Breytenbach se "die boenk". *SA Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 22: 43-62. Desember 1994.

Claassen, GN & MCJ van Rensburg (reds.) 1983. *Taalverskeidenheid - 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.

Coetser, AS 1992. *Nuwe Taalgids*. Kaapstad: Maskew Miller.

Coetzee, AE 1989⁴. *Fonetiek*. Pretoria: JL van Schaik.

Combrink, JGH 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.

Combrink, JGH & LG de Stadler 1987. *Afrikaanse fonologie*. Johannesburg: Macmillan.

- Conradie, CJ 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Crystal, D 1987. *The Cambridge Encyclopaedia of Language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Beaugrande, RA & WU Dressler 1981. *Introduction to Text Linguistics*. London: Longman.
- De Klerk, GJ 1972. Stand van Afrikaanse taalkunde en bronnegids. In: Van der Merwe, HJIM (red.) 1972: 282-295.
- De Klerk, WJ 1978. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth.
- De Stadler, LG 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern-Boekuitgewers.
- De Villiers, M 1970. *Afrikaanse klankleer*. Kaapstad/Amsterdam: AA Balkema.
- De Villiers, M 1975. *Die semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM.
- De Villiers, M & FA Ponelis 1987. *Afrikaanse klankleer*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Vries, A. 1994. Wat maak die kokke op die Titanic? *Tydskrif vir Taalonderrig* 28(4): 309-316.
- Donaldson, BC 1993. *A Grammar of Afrikaans*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter.
- Du Plessis, H 1982. *Sintaksis vir eerstejaars*. Pretoria: Academica.
- Du Plessis, H 1992. *En nou, Afrikaans?* Pretoria: JL van Schaik.
- Du Plessis, H 1995². *Variasietaalkunde*. Pretoria: Kagiso.
- Du Plessis, H & LT du Plessis (reds.) 1987. *Taalpolitiek en Afrikaans: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- Du Plessis, LT 1991. *Die evaluering van taalbeplanningsprosesse en aanbevelings vir die oplossing van taalbeplanningsprobleme in Afrikaans*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, UOVS.
- Du Toit, PJ 1989². *Taalleer vir Onderwyser en Student*. Pretoria: Academica.
- Finegan, E & N Besnier 1989. *Language - Its Structure and Use*. San Diego: Harcourt Brace Jovanovich.

Fowler, R 1974. *Understanding Language. An Introduction to Linguistics*. London: Routledge & Kegan Paul

Fromkin, V, R Rodman & A Neijt 1986. *Universele Taalkunde. Een inleiding in de algemene taalwetenschap*. Dordrecht: Foris.

Gouws, RH 1984. Die Afrikaanse sinchroniese taalkunde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 24: 207-223.

Gouws, RH 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.

Hubbard, EH 1989. *Reference Cohesion, Conjunctive Cohesion and Relational Coherence in Student Academic Writing*. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif, UNISA.

Hubbard, EH & WAM Carstens (reds.) 1994. *Tekslinguistiek/Text Linguistics II. SA Tydskrif vir Taalkunde, Supplement 22, Desember 1994*.

Jordaan, W 1995. Tersiere onderrig: Waarom wrywing met owerheid. *Beeld*, 8 Maart 1995, bl. 12.

Labov, W 1966. *The Social Stratification of English in New York City*. Washington, DC: Center for Applied Linguistics.

Labov, W 1972a. *Sociolinguistic Patterns*. Philadelphia: University of Pennsylvania.

Labov, W 1972b. The social motivation for a sound change, in: Labov, W 1972a: 1-42.

Labuschagne, FJ & LC Eksteen 1993⁸. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: JL van Schaik.

Louw, SA 1959. *Die Afrikaanse Taalatlas*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Lyons, J 1981. *Language and Linguistics. An Introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.

Paardekooper, PC (red.) 1987. *De Nederlandse taalkunde in kaart. SA Tydskrif vir Taalkunde, Geleentheidsuitgawe Nr. 4*.

Pheiffer, RH 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Kaapstad: Academica.

Ponelis, FA 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: JL van Schaik.

- Ponelis, FA 1984. Afrikaans binne Germaanse verband. In: Botha, TJR e.a. (reds.) 1984: 11-27.
- Ponelis, FA 1987. De expansie van het Nederlands buiten Europa: het Afrikaans. In: Paardekooper, PC (red.) 1987: 42-46.
- Ponelis, FA 1989a. Die aard en bestudering van die Afrikaanse taal. In: Botha, TJR e.a. (reds.) 1989: 9-37.
- Ponelis, FA 1989b. Sintaksis. In: Botha, TJR e.a. (reds.) 1989: 255-381.
- Ponelis, FA 1990. *Historiese klankleer van Afrikaans*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Ponelis, FA 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Pretorius, EJ 1994. *A Linguistic Perspective on Causality in Discourse*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA.
- Prinsloo, KP & MCJ van Rensburg (reds.) 1984. *Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms*. Pretoria: HAUM.
- Rademeyer, JH 1938. *Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rehoboth-Basters*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Raidt, EH 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Raidt, EH 1991³. *Afrikaans en sy Europese Verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P 1964. *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Scholtz, J du P 1965. *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P 1972. *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P 1975². *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

- Scholtz, J du P 1981². *Taalhistoriese opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Spies, JJ & JGH Combrink 1994². *Sakboek van Regte Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, JC 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, JC 1995. *Die taalstryd in die oorgangstyd: Gesindhede teenoor Afrikaans 1990-1994*. *Stilet*, Supplement 1, April 1995.
- Swankhuisen, C 1995. De inleiding van een toespraak. *Onze Taal* 64(7/8): 174-175. Julie/Augustus 1995.
- Taalkommissie (van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns) 1991⁸. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Traugott, EC & ML Pratt 1980. *Linguistics for Students of Literature*. New York/San Diego: Harcourt Brace Jovanovich.
- Van den Bergh, G. 1995. Een taal om in te wonen. *Levende Talen* 500: 261. Mei 1995.
- Van der Merwe, C; H Waher & J Hambidge (reds.) 1994. *Rondom Roy - Studies opgedra aan Roy H Pheiffer*. Kaapstad: Dept. Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Kaapstad/Unifoto Drukkers.
- Van der Merwe, HJJM (red.) 1972. *Afrikaans - sy Aard en Ontwikkeling*. Pretoria: JL van Schaik.
- Van der Merwe, HJJM & FA Ponelis 1991⁷. *Die Korrekte Woord*. Pretoria: JL van Schaik.
- Van Jaarsveld, GJ 1985. *Semantiek*. Pretoria: Academica.
- Van Rensburg, MCJ 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein: Patmos.
- Van Schalkwyk, H 1988. *Teach yourself Afrikaans*. Johannesburg. Southern Boek-Uitgewers.
- Van Schoor, JL 1983. *Die grammatika van Standaard-Afrikaans*. Johannesburg: Lex Patria.
- Verhoef, MM 1991. *Die stand en toekoms van taalbeplanning vir Afrikaans in 'n multitalige Suid-Afrika*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO.

- Von Wielligh, GR 1925. *Ons Geselstaal*. Pretoria: JL van Schaik.
- Webb, VN 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. In: Claassen, GN & MCJ van Rensburg (reds.) 1983: 229-248.
- Webb, VN 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Botha, TJR e.a. (reds.) 1989: 412-435.
- Webb, VN (red.) 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: JL van Schaik.
- Webb, VN & AM Beukes (reds.) 1991. *Eerstetaalonderrig in die soeklig*. Pretoria: Academica.
- Wessels, M 1993. *Bonding and Related Measures of Coherence in Student Academic Writing*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA.
- Wissing, DP 1982. *Algemene en Afrikaanse generatiewe fonologie*. Johannesburg: Macmillan.
- Wybenga, DM 1988. *Diskoersanalise en stilistiek: 'n Inleiding*. Pretoria: Serva.
- Wybenga, DM (red.) 1989. *Taalkompas: Elke student se gids*. Pretoria: Serva.

.....